# Resensies / Reviews


- Bothma, L.J. 2003. **Punt van die swaard.** Pretoria : Protea Boekhuis.
  (*L.A. Changuion*) .................... 559
- Boer, J.H. 2003. **Nigerias's decades of blood 1980-2002.** Belleville, Ont. : Essence Publishing.
  (*P.J. Buys*) .................... 561
- Davidson, A. 2003. **Cecil Rhodes and his time.** Pretoria : Protea Book House.
  (*L.A. Changuion*) .................... 563
- Van Jaarsveld, P. 2003. **Die hart van 'n wenner – ontwikkel jou emosionele intelligensie.** Wellington : Lux Verbi.BM.
  (*B. Blom*) .................... 565


# Reflection


- Van der Walt, B.J. 2003. **Understanding and rebuilding Africa; from desperation today towards expectation for tomorrow.** Potchefstroom : Institute of Contemporary Christianity in Africa.
  (*L. Nyirogo*) .................... 569

**Resensies / Reviews**

# Menslike intriges kan ook die verloop van die geskiedenis bepaal

**BOTHMA, L.J.** 2003. **Punt van die swaard.** Pretoria : Protea Boekhuis.
300 p. Prys: R179,95. ISBN: 1-919825-82-7.

**Resensent:** *L.A. Changuion*
(Dept. Historiese & Erfenisstudie, Universiteit van Pretoria)

Protea Boekhuis kan met een van sy jongste publikasies, *Punt van die swaard*, gelukgewens word. In dié roman word die ware verhaal van die lotgevalle van die eens bekende Oertel-familie van die Vrystaat vertel. Hierdie verhaal strek oor bykans ’n eeu, maar fokus veral op die Anglo-Boereoorlog.

Hierdie boek gee aan die Anglo-Boereoorlog ’n nuwe dimensie. Die militêre verloop van die oorlog in die Wes-Vrystaat word verweef met die lewe van die Oertels van Abrahamskraal. Die inspirasie vir die skryf van die boek was die feit dat die Oertels die Boere tydens die Oorlog verraai het.

Die verhaal getuig van indringende navorsing en die feite is deeglik gestaaf aan die hand van primêre en sekondêre bronne. Dit begin met ’n agtergrond van die patriarg, Charles Oertel. As jong man het hy hom in 1858 in die Vrystaatse Republiek gevestig en hom op boerdery toegelê. Charles was nie net ’n boer nie, maar het ook spoedig laat blyk dat hy ’n vernuftige sakeman was. In haas elke situasie het hy ’n geleentheid gesien om geld te maak. Die gevolg hiervan was dat hy baie welvarend geword het. Saam met sy welvaart het sy bekendheid in die Vrystaat toegeneem. In 1876 het Charles en sy gesin hulle op die plaas Abrahamskraal op die hoofroete tussen Bloemfontein en Kimberley gevestig. Van Abrahamskraal af het Charles Oertel sy welvarende koninkryk verder uitgebou en het die toekoms rooskleurig gelyk.

Toe oorlogswolke in 1899 begin opbou, het Charles Oertel, wat nie ’n Boer in hart en siel was nie, hom beywer vir die behoud van vrede. ’n Oorlog sou beteken dat Charles se boerdery en besigheid ontwrig sou word. Meer kwellend was die feit dat sy twee oudste dogters met uitlanders getroud was en dat sy skoonseuns aan die Britse kant sou veg. Hierteenoor was sy oudste seun met ’n Boeremeisie getroud. Boonop sou al Charles se seuns opgekommandeer word om aan Boerekant te veg. Teen hierdie agtergrond het die Anglo-Boereoorlog in Oktober 1899 uitgebreek. Charles Oertel se vrese is bewaarheid – sy skoonseuns het aan Britse kant gaan veg, terwyl sy seuns deur die Boere opgekommandeer is. Charles se seuns het hulle as rapportgangers vir die Boeremagte onderskei. Vroeg in 1900 is Charles se lieflingseun egter noodlottig gewond. Die terugslae wat die Boeremagte terselfdertyd beleef het, het duisende burgers laat besluit om die stryd gewonne te gee en na hulle plase terug te keer. Onder hulle was ook al Charles se seuns.

Hierna volg die Britse ontsetting van Kimberley en die opmars na Bloemfontein. Onderweg na Bloemfontein het die Britte by Poplar Grove en by Driefontein met die Boere slaags geraak. Ook by Abrahamskraal het ’n skermutseling gevolg. ’n Groter geveg is egter deur die optrede van Alice Cribb, die oudste dogter van Charles Oertel, afgeweer. Sy het die Britse magte onder leiding van generaal French, wat oor Abrahamskraal sou trek, gewaarsku dat Boeremagte in die omgewing verskans lê. Te danke aan dié inligting het French sy roete na Bloemfontein gewysig. Hierdie daad deur een van die Oertels is deur die Boere as verraad beskou. Hulle siening is versterk deur die feit dat die Oertels, na die inname van Bloemfontein, die Britte baie goedgesind was. Abrahamskraal was dan ook ’n plek waar vername gaste waaronder lord Roberts, die Britse minister van kolonies, Joseph Chamberlain en die hertog van Connaught later onthaal is.

Na afloop van die oorlog het die lewe in die Vrystaat geleidelik genormaliseer. Die lewe op Abrahamskraal het ook, vol intrige, voortgegaan. Charles Oertel se dogter, Mabel, het byvoorbeeld haar aanstaande bruidegom by die kansel laat staan vir ’n Australiese offisier wat sy tydens die oorlog ontmoet het. Hierdie skande is die familie ook nie gou vergeef nie.

Na Charles Oertel se dood het sy koninkryk vir ’n paar jaar bly voortbestaan. Sy dryfkrag en ondernemingsgees het nietemin grotendeels by sy direkte nasate ontbreek. Die gevolg hiervan was dat sy eiendomme en ander sakebelange een vir een van die hand gesit is.

Ook sy geliefde Abrahamskraal is uiteindelik in 1940 vir ’n appel en ’n ei verkoop.

L.J. Bothma slaag uitstekend daarin om deur die hele verhaal neutraal en objektief te bly. Daar word nie vir of teen die Britte of die Boere kant gekies nie en daar word getoon hoe menslike emosie die gang van sake kan beïnvloed.

Elkeen wat ’n belangstelling in die Anglo-Boereoorlog sowel as in sosiale geskiedenis het, sal die boek geniet. Enersyds bied dit ’n wetenskaplike blik op die geskiedenis van die Anglo-Boereoorlog; andersyds word daar gekyk na die geskiedenis van Charles Oertel en sy nasate en die intrige en emosie wat gepaard gaan met die lewe van ’n familie. Dit is ’n boeiende inspirerende verhaal, vol van wat was en wat kon wees.

# Nigerië en godsdienstige konflik

**BOER, J.H.** 2003. **Nigerias’s Decades of Blood 1980-2002.**
Belleville, Ont. : Essence Publishing. (Studies in Christian-Muslim relations 1.)
155 p. Prys: $10. ISBN: 1-55306-581-6.

**Resensent:** *P.J. Buys*
(Mukhanyo Theological College KwaMhlanga, KwaNdebele)

Wat gebeur in ’n land waar vyftig miljoen Moslems en vyftig miljoen Christene teenoor mekaar te staan gekom het en die groei van die getal Christene dié van die Moslems verbysteek? Hoe word die spanning en bloedige gevegte en moorde gekompliseer deur grootskaalse korrupsie en kriminaliteit?

Jan H. Boer het dertig jaar in Nigerië gewerk. Hy het in die Christian Reformed Church gewerk as navorser en direkteur in die Institute of Church and Society en ’n aantal jare as dosent aan die Theological College of Northern Nigeria gefunksioneer. Daarom kan hy werklik met gesag die aard en omvang van die godsdienstige konflikte in Nigerië beskryf.

Om die gevoelens van desperate wanhoop by miljoene Nigeriërs helder uit te beeld begin die eerste hoofstuk met ’n tiperende aanhaling van Dele Sobowale in die *Sunday Vanguard*, wat sê dat in plaas daarvan dat die Nigeriérs die krete om die onttrekking van Brittanje uit Nigerië toegejuig het, hulle eerder moes gehuil het (p. 10).

Die grootste probleme in Nigerië op die oomblik is grootskaalse korrupsie en die gedetermineerdheid van die fundamentalistiese Moslems in Nigerië om die land ’n Islamitiese staat te maak. ’n Tiperende opsomming van die huidige probleme in Nigerië is die volgende: “If corruption has demonized the country, these relations (tussen Moslems en Christene) have bedeviled it.”

Boer neem sy vertrekpunt in die filosofie van Abraham Kuyper. Daarom gee hy eers ’n kort uiteensetting van hoe Kuyper se visie op die invloed van verskillende wêreldbeelde op politieke groeperinge en agendas kan help om die sosio-politiese probleme in Nigerië te verstaan en te evalueer.

Daarna word ’n volledige beskrywing gegee van die historiese verloop en feitelike gebeure van bloedige opstande en vernietigende geweld op al die verskillende plekke in Nigerië die afgelope 20 jaar. Dit is opvallend dat vals gerugte (byvoorbeeld rondom die evangelisasieveldtogte van Rainerd Bonke) dikwels soos die spreekwoordelike vonk in ’n kruitvat was wat die bloedige geweld laat uitbars het in gespanne situasies waarin duisende mense op die mees geweldadige maniere hulle lewens verloor het. Dit is ook duidelik dat Christene – alhoewel in ’n mindere mate as Moslems – hulle eventueel ook tot geweld en die afbranding van moskees gewend het.

Boer gee min evaluering van die situasie en bied geen oplossings aan nie. Daar word egter voorsien om dit in opvolgpublikasies te doen.

Die lees van hierdie publikasie gee nie net ’n goeie beeld van die skrikwekkende geweld in die stryd tussen Moslems en Christene in Nigerië nie, maar kan ook perspektiewe bied om dieselfde stryd in ander dele van Afrika en die res van die wêreld te verstaan. Dit dien ook as ’n waarskuwing van wat kan gebeur as alle partye, veral ook owerhede, dit nie tydig en reg hanteer nie.

# Rhodes's dream to unite Southern Africa under British rule

**DAVIDSON, A.** 2003. **Cecil Rhodes and his time.**
Pretoria : Protea Book House. 391 p. Price: R199,95.
ISBN: 1-919825-24-X.

**Reviever:** *L.A. Changuion*
(Dept. Historical & Heritage Studies, University of Pretoria)

Cecil Rhodes is probably one of the most written about men of the European colonial era. The early biographies of Rhodes were, nearly without exception, written by some of his countrymen. Written in an age when Britain was at the height of her power, and empire building was still supported by the majority of its populace, it is easy to understand the adoration for Rhodes displayed in these works. With the passage of time and the subsequent end of the era of colonialism, new information has come to light. This information has assisted and will assist in future in the reinterpretation of Cecil John Rhodes and his time.

As the title of the book indicates, the book deals not only with Cecil John Rhodes, but also with his time. Through thorough research Apollon Davidson has meticulously recreated the world Rhodes lived in. He goes to great lengths to sketch the background of events. Keeping in mind that the book was originally published in Russian in 1984 with a Russian readership in mind, one can assume that the detailed, lengthy background sketches are meant for the enlightenment of his Russian readers. This being said, however, it must be stated that the lengthy background given in the book does not lessen its readability.

Davidson divides *Cecil Rhodes and his time* into three sections. The first section describes Rhodes' early years and the phenomenal growth of his personal wealth that made him one of the richest men in Southern Africa. Rhodes, the son of a Hertfordshire vicar, came to South Africa for health reasons in 1870 at the age of seventeen. Young and inexperienced he was moulded in South Africa by the circumstances he encountered. After trying his hand at farming, he joined his brother at the Kimberley diamond fields. By outlasting and outwitting many hopeful prospectors, Rhodes consolidated his grip

on the diamond mining industry and eventually chaired one of the biggest diamond mining companies in the area.

He soon realised that with money came influence and power – the influence and power he needed to fulfil his dream of extending the British Empire in Africa. With the diamond fields under his control, Rhodes set his sight on the Transvaal goldfields. He soon became one of the “kings of gold”, but his fabulous success in amalgamating the diamond industry under his control, was not repeated on the goldfields of the Witwatersrand. Many of his biographers, including Davidson, blame this partly on the great personal tragedy he suffered at that time in the death of his close companion Neville Pickering.

With his goal of achieving great wealth met, Rhodes now set to conquering Southern Africa for the British crown. The second section of the book details Rhodes’ efforts in subjecting the Ndebele and Shona of current-day Zimbabwe. His Chartered Company and the successes it achieved made Rhodes the hero of many of the British people and the idol of many non-British. It is in this section that Davidson describes the human tragedy that befell the Ndebele and Shona and the not so pleasant side of Rhodes’ character.

The last section of *Cecil Rhodes and his time* deals with the events that led up to the confrontation with the Afrikaner people of the two Boer republics. His dream of uniting Southern Africa under British rule left no room for these republics. Rhodes’ cordial efforts of luring the republics into a federation under British rule were met with resistance and made Rhodes adopt a more aggressive stance. This aggressive stance would, through the embarrassing Jameson Raid, lead to Rhodes losing his political influence and a lot of his stature among his contemporaries. The Raid was a turning point in Rhodes’ life and really was the beginning of the end.

Written by an outsider, far removed from Southern Africa and the British Empire, the book sheds a new objective light on Rhodes. A lot of the information supplied by Davidson cannot be found in previously written biographies on Rhodes. For many, Rhodes was a hero and for even more people, he was a villain. The latter is especially true for the Ndebele and Shona nations of Zimbabwe and the Afrikaner nations of the two Boer republics of South Africa and the Orange Free State. What comes to light in the book is the absolute arrogance of the European powers and their total disregard of the fate of the African people they encountered in their scramble for the colonisation of Africa. In Southern Africa whole nations were

uprooted and thousands died – all for the glory of the British Empire. It is a thought-provoking book that sets a new standard in the study of Cecil John Rhodes and will appeal to academics and ordinary people alike.

# Emosionele intelligensie – 'n onderwerp met baie fasette

**VAN JAARSVELD, P.** 2003. **Die hart van 'n wenner: ontwikkel jou emosionele intelligensie** Wellington : Lux Verbi.BM. 222 p. Prys: R109.95. ISBN: 0-7963-0153-0.

**Resensent:** *B. Blom*
(Dept. Maatskaplike Werk, Universiteit van die Vrystaat,
en
Direkteur Wisechild: Foundation for the development of emotional intelligence in children)

Die boek bestaan uit twee afdelings, naamlik 'n afdeling wat handel oor emosionele intelligensievaardighede vir volwassenes en 'n afdeling oor emosionele intelligensievaardighede vir kinders. In Afdeling 1 se eerste hoofstuk word aandag gegee aan vaardighede en tegnieke om selfbemeestering en selfagting te bevorder. In Hoofstuk 2 word lesers bemagtig om hulle emosionele selfbewussyn te bevorder deur te leer hoe om bewus te wees van emosies, maar ook hoe om emosies te beheer, met spesifieke aandag aan die positiewe hantering van woede en kritiek. Die derde hoofstuk gee aandag aan optimisme as belangrike faktor wat emosioneel intelligente optrede kan bevorder. Tegnieke om 'n optimistiese lewensuitkyk te bevorder, sonder om "blind" optimisties te wees, word ook betrek. Hoofstuk 4 fokus op die relevante onderwerp van stresbeheer. In hierdie hoofstuk word interessante feite oor die uitwerking van stres op mense bespreek, asook fases van stres en die verband tussen streservaring en verskillende persoonlikheidstipes. Die outeur gee ook aandag aan praktiese tegnieke waarmee stres effektief beheer kan word. Die eerste afdeling word afgesluit met 'n hoofstuk oor selfverwesenliking. Hier word aandag gegee aan die

belang van balans in die lewe, asook hoe om selfverwesenliking te bevorder deur meer doelgerig te lewe.

In die tweede afdeling se eerste hoofstuk word aandag gegee aan die ontwikkeling van kinders se emosionele intelligensie op grond van aspekte soos kameraadskap, beskikbaarheid en betrokkenheid, hoe om liefde te betoon, asook aspekte soos lof en kritiek, hoe om met kinders se kommunikeer en hoe om respek vir kinders te hê. Die tweede hoofstuk fokus op praktiese tegnieke om kinders se emosionele intelligensie te bevorder. Verskeie praktiese tegnieke wat fokus op emosionele intelligensievaardighede soos selfmotivering, selfbeheersing, eerlikheid, emosionele bewussyn, empatie, sosiale verantwoordelikheid en probleemoplossing word bespreek en praktiese oefeninge en moontlike antwoorde vir ouers word voorsien.

Die boek word begrond vanuit ’n Christelike lewens- en wêreldbeskouing en inligting word telkens vanuit toepaslike Bybeltekste begrond. Die inhoud word op ’n maklik leesbare en verstaanbare wyse aangebied en is logies gestruktureer. Belangrike konsepte word eerstens verduidelik, waarna die outeur praktiese oefeninge beskryf waarmee die spesifieke emosionele intelligensievaardighed bevorder kan word. Die outeur se menings word wetenskaplik gestaaf deur toepaslike navorsingsvoorbeelde wat die geloofwaardigheid verhoog. Die outeur deel ook dikwels voorbeelde uit sy persoonlike lewe wat aan die leser die gevoel gee dat hy getuig van persoonlike ervaring, en nie net vanuit boekekennis nie. Interessante staaltjies maak die boek interessant en boeiend. Die praktiese wyse waarop die konsepte en oefeninge in die boek telkens verduidelik word, gee aan die leser die gevoel van *dit is nie so ingewikkeld nie, ek sal dit ook kan regkry.*

Lesers wat in hierdie selfhelpboek sal belangstel, sluit in enige persoon wat geïnteresseerd is in persoonlike groei, van tieners tot bejaardes. Persone wat spesifiek kan baat vind, sluit in: sakelui, ouers, terapeute, byvoorbeeld maatskaplike werkers, sielkundiges en beraders, predikante, geestelike beraders en onderwysers.

Die boek huldig die uitgangspunt dat Christene, hoewel hulle op God vertrou, dikwels probleme ondervind om hulle lewe toepaslik te bestuur. Dit is egter teenstrydig met die doel van mense op aarde, naamlik om ambassadeurs vir Christus te wees. Hierdie uitgangspunt van die outeur word ondersteun, aangesien dit ’n bekende feit is dat talle Christene probleme ondervind om hulle persoonlike lewe effektief te bestuur. Emosionele intelligensie bemagtig mense egter

met vaardighede om hulleself en hulle verhoudings meer effektief te bestuur. Die outeur fokus op 'n toepaslike en wetenskaplik gefundeerde model van emosionele intelligensie, naamlik dié van Reuven Bar-on en huldig die mening dat dit nie bloot net die emosionele dimensies van emosionele intelligensie is wat sukses in die lewe bepaal nie, maar ook verskeie ander niekognitiewe dimensies. Hoewel die outeur nie alle dimensies van emosionele intelligensie volledig bespreek nie, is die belangrikste aspekte geselekteer en bespreek. Die outeur huldig verder die standpunt dat elke individu self verantwoordelik is vir sy eie welsyn, deurdat bepaalde keuses gemaak kan word oor hoe om verskillende fasette in die lewe te bestuur. Hierdie standpunt word toegelig met talle praktiese voorbeelde en oefeninge wat benut kan word. Die leser word byvoorbeeld tot die insig gelei dat denke baie kragtig is en meestal lei tot bepaalde gevoelens en gedrag. Indien die individu leer om bewus te word van denke en hoe om irrasionele denke effektief te bestuur, kan dit lei tot meer effektiewe emosionele bestuur en individue se emosionele welstand aansienlik bevorder. Hierdie uitgangspunt word ondersteun, aangesien Christene verantwoordelikheid behoort te neem vir die bestuur van hulle lewe. Christenouers het egter ook 'n belangrike bydrae te lewer in die ontwikkeling van hul kinders se emosionele intelligensie en maak daagliks keuses hieroor.

Hierdie boek lewer werklik 'n bydrae lewer tot die literatuur oor emosionele intelligensie en vervul 'n leemte, deurdat dit waarskynlik die eerste boek is wat fokus op emosionele intelligensie vanuit 'n Christelike perspektief. Dit gee aan Christenlesers praktiese tegnieke om aan die verskillende dimensies van hulle emosionele intelligensie te werk ten einde ware getuies vir God op aarde te wees.